

Woensdag 10 September

Skrifgedeelte: Johannes 15:1-8 (AFR33/53/2020)

Fokusgedeelte: Johannes 15:1-8

Die Vader ent julle in Christus om soos 'n wingerd vrug te dra tot sy lof!

Snouwerk was ook 'n noodsaaklike deel van die eerste-eeuse wynboerdery, soos dit vandag is. Die eerste snou het in die lente plaasgevind, wanneer wingerde blom. Dit het verskeie prosesse behels, insluitend die verwydering van sommige blom- of druiwetrosse sodat dié wat oorgebly het, meer vrugte van beter gehalte kon produseer.

Die tweede snou het in die herfs plaasgevind nadat die druiwe geoes is en wanneer die wingerde dormant was. Dit het die verwydering van ongewenste takke behels. Ná die herfssnou is die steggies, insluitend baie takke, bymekaargemaak en verbrand.

Teen die Ou-Testamentiese agtergrond van Israel as die wingerdstok wat nie goeie vrugte kon voortbring nie (sien veral Jes. 5:1-7), het Jesus gesê: Ek is die ware wingerdstok, en my Vader is die boer. Jesus het bygevoeg terwyl elke loot wat wel vrugte dra, snou hy sodat dit nog meer vrugbaar sal wees. Dit is 'n sinspeling op die lentesnou tydens die blomtyd sodat daar meer vrug kan groei. Die woord wat met "sny" vertaal word, kan ook "om skoon te maak" of "om te reinig" beteken.

Die dissipels is reeds skoongemaak vanweë die woord wat Jesus met hulle gespreek het. Nou reinig/snou die Vader ook die dissipels/takke sodat hulle meer vrug sal dra. Hy "snou/reinig" hulle deur die woord wat Jesus met hulle gespreek het. Dit is wanneer ons die leer van Jesus hoor en daarop reageer dat die Heilige Gees ons meer vrugbaar maak.

Hoe snou die Vader ons? Hy gebruik eenvoudig die Woord om ons te oortuig en te reinig. Soms moet Hy ons tugtig (Heb. 12:1-11). Die snouwerk mag dalk moeilik wees vir die lote om deur te gaan, maar soos die groei kom deur die Heilige Gees, so kom ons mettertyd agter, die boer, ons Vader, maak nie 'n fout nie. Hoe meer ons in Christus bly, hoe meer vrug dra ons; en hoe meer vrugte ons dra, hoe meer moet die Vader ons snou sodat die kwaliteit byhou met die hoeveelheid.

Ons moet ons onvermoë verstaan om God te behaag sonder Jesus wat in ons bly en ons in Hom. Daar is mense wat beweer dat hulle Christene is, maar hulle lewe nie in Christus en Christus nie in hulle nie. Hulle sal uitgeroei, bymekaargemaak en verbrand word (vs 6). Hierdie waarskuwing is bedoel om ernstig opgeneem te word. As Hy in jou is, dan snou Hy jou skoon.

Sing: Psalm 119-1:4, 23, 25
Ds. MW (Thinus) Kruger (Newcastle)